109/85

SAAK NO. 237/84
/CCC

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèlAFDELING)

In die saak tussen:

PRESTON SHAW APPELLANT

en

DIE STAAT RESPONDENT

CORAM: TRENGOVE, BOTHA ARR et NICHOLAS Wnde AR

VERHOOR: 6 SEPTEMBER 1985

GELEWER: 24 SEPTEMBER 1985

---

UITSPRAAK

TRENGOVE, AR:

Die appellant is op 2 September 1983 in

die/ ......

die streekhof vir die Streeksafdeling Oos-Kaap, gehou te Gelvandale, skuldig bevind aan verkragting en gevonnis tot drie jaar gevangenisstraf. Die hof het bevind dat hy op Sondagaand, 12 Junie 1983, in ŉ toiletgebou op die terrein van die Frank Joubert-laerskool te Schauderville ŉ vroulike persoon, ene Everil Florist (die klaagster), verkrag het. Die appellant was destyds 23 jaar oud en die klaagster 21 jaar. Nadat sy appèl na die Oos-Kaapse Afdeling misluk het, kom die appellant nou met verlof van hierdie hof - verleen kragtens die bepalings van artikel 316(8)(c)(ii) van die Strafproseswet, 51 van 1977 - in hoër beroep teen sy skuldigbevinding. Afgesien

van/ ......

van die klaagster se getuienis, het die Staat nie oor enige ander direkte getuienis van die beweerde verkragting beskik nie. Soos ek weldra sal aantoon, het die Staat egter op sekere bykomstige omstandigheids-getuienis gesteun ter stawing van die klaagster se relaas. Die appellant het reeds by die aanvanklike verrigtinge ingevolge artikel 122A van die Straf-proseswet te kenne gegee dat hoewel hy die betrokke aand intiem met die klaagster verkeer het, met haar instemming, hy haar nie aangerand of vleeslike ge-meenskap met haar gehad het nie. By sy verhoor het hy hiermee volhard. Die streeklanddros het die klaag-ster se weergawe van die gebeure dié betrokke aand

aanvaar en die appellant se getuienis daaromtrent as onwaar verwerp. Die kernvraag in hierdie appèl is of die streeklanddros met sy evaluering van die klaagster se getuienis en sy benadering tot die appellant se weergawe van die gebeure gefouteer het, al dan nie. Gesien die strekking van die argumente wat in hierdie hof aangevoer is, is dit nodig om betreklik breedvoerig na die getuienis te verwys.

Die strekking van die klaagster se getuienis is soos volg. Die klaagster en haar vriendin, die staatsgetuie Jennifer Coltman, het die betrokke Sondagaand na die Waldorf Restaurant gegaan en 'n tydlank daar vertoef. Die klaagster het die appellant

daar opgemerk. Sy het hom destyds slegs in die verbygaan geken, hulle het in dieselfde buurt gewoon, maar hulle was nie persoonlik bevriend nie. Die klaagster het met haar kruisondervraging ontken dat sy ooit voorheen met die appellant uitgegaan het en selfs op meer as een geleentheid geslagsomgang met hom sou gehad het. Sy het verder ook ontken dat die appellant in die restaurant by hulle sou aangesluit het en dat sy sou ingestem het dat hy haar later na haar huis kon vergesel. Hoe dit ook al sy, die klaagster en haar vriendin het later vanaf die Waldorf Restaurant vir 'n wyle na 'n verpleegsters-tehuis gegaan en toe hulle daar vertrek, was hulle

van/ ......

van plan om huis toe te gaan. Terwyl hulle op pad daarheen in Newalstraat loop, het die appellant skielik en heel onverwags van agter gekom en die klaagster aan haar nek beetgegryp. Hy het Jennifer aangesê om aan te loop. Die klaagster het haar toe gevra om eerder saam met haar te gaan maar Jennifer het nie aan haar versoek gehoor gegee nie want, soos die klaagster dit gestel het, "Preston het 'n klip opgetel en toe sê hy sy moet aangaan." Jennifer het toe in 'n systraat, Alkannastraat, afgedraai en die klaagster het haar die aand nie weer gesien nie. Die appellant het daarop aangedring dat die klaagster met hom moes saamgaan. Toe sy

onwillig/ ......

onwillig was om die appellant te vergesel, wou hy haar eers gooi met die klip wat hy opgetel het, maar sy het hom afgeweer. Daarna het hy die klaagster se kop afgedruk en haar gedwing om saam met hom te gaan. Op 'n vraag of dit dan nie by haar opgekom het om vir Jennifer te skreeu om hulp nie, het die klaagster gesê dat al wat sy vir Jennifer gevra het, was om saam met haar te gaan.

Die klaagster het toe onder dwang saam met die appellant gegaan. Dit was ongeveer 21h20. Hulle is vanaf Newalstraat, met Jamesonweg langs, na die appellant se huis. Gevra of sy nie op pad daarheen om hulp geskreeu het nie, het die klaagster geantwoord:

"Toe/ ......

"Toe ons daar oor die veld kom toe kom daar 'n oom Ave Road af. Ek het die oom gevra om my te help en Preston het my getrek en die oom het net eenkeer gekyk en aangeloop, met die gevolg die mense wat daar by daardie winkel gestaan het by die Casino se kant is Preston se vriende en dit sou nie gebaat het om hulle te vra nie want hulle sou geen notisie geneem het nie, want dit is sy vriende."

Toe hulle by sy huis aankom, het die appellant die klaagster in die agterplaas ingetrek. Terwyl hulle daar was, het iemand in die huis die agterdeur oopgemaak en toe die klaagster om hulp vra, is die deur as't ware in haar gesig toegemaak.

Die/ ......

Die appellant wou daar in die agterplaas gemeenskap met die klaagster gehad het, maar hy het van plan verander omdat, soos sy dit gestel het, "ek het te veel geraas gemaak en aangegaan." Die klaagster het ontken dat sy sou gesê het dat sy nie daar gemeenskap wou hê nie omdat sy bang was dat die mense in die huis hulle sou sien. Van daar af het die appellant weer met haar in Jamesonweg afgestap. Dit blyk dat die huise aan weerskante van Jamesonweg na aan die straat geleë is en dat die ligte in etlike van hierdie huise nog aan was. Toe die klaagster gevra is waarom sy nie by dié geleentheid om hulp geroep het nie, was haar antwoord: "Ek het nie geskreeu nie, die rede

hoekom/ ......

hoekom ek nie geskreeu het nie, hoe kan ek skreeu as hy my - hy hou my nog vas nê, met die gevolg Preston hy het 'n wraak teen my gehad want hy hou my vas en elke beweging wat ek maak dan skop hy my teen my bene. En Preston gryp my, dan loop ek 'n bietjie verder en ek ruk onder hom uit, dan skop hy my of hy tel 'n klip op om my te gooi, ek moet nou my eie liggaam beseer om hom tevrede te stel."

Die klaagster het voorts getuig dat toe hulle by die Frank Joubert-laerskool kom, het die appellant haar op die skoolterrein ingetrek en na die latrines geneem. Daar het hy haar op 'n sementblad neergegooi, haar skoene uitgetrek, haar

bloes/ ......

bloes, kouse en damesbroekie afgeruk en, in weerwil van haar verset en gespartel, vleeslike gemeenskap met haar gehad. Die appellant wou daarna ook nog die klaagster se romp aftrek maar sy het gesê dat sy dit self sou doen, en hy het toe vir 'n oomblik sy greep op haar verslap. Sy het toe losgeruk, opgespring, op vlug geslaan en by 'n huis in Jamesonweg om hulp gaan aanklop. Op weg daarheen het sy twee keer gestruikel en geval, en ook teen 'n draad omheining vasgehardloop. In dié proses het sy 'n hele aantal skraapmerke en soortgelyke beserings opgedoen. Met haar kruisondervraging het die klaagster baie beslis ontken dat sy ingestem het dat die appellant

gemeenskap met haar kon hê. Sy het ook ontken dat hulle enige mansstemme in die rigting van die latrines hoor nader het en dat dit die rede sou wees waarom sy so skielik daar weggehardloop het. Die klaagster het voorts getuig dat toe sy by die huis in Jamesonweg aanklop, het 'n vrou die deur oopgemaak. Sy het haar nie geken nie. Dit het later geblyk dat dit die staatsgetuie, mev Moniera Daniels, was. Die klaagster het in die huis ingehardloop tot in die slaapkamer. Sy het gesê dat sy op daardie stadium so gehuil het en so ontsteld was dat sy nie behoorlik aan mev Daniels kon verduidelik wat haar oorgekom het nie. Die appellant het kort op haar hakke

daar/ ......

daar aangekom. Hy het toe aan mev Daniels verduidelik dat "ons twee het saamgeloop en toe kom daar ouens en toe hardloop ek (d i die klaagster) weg vir die ouens." Volgens die klaagster het sy die bewering terstond ontken en aan mev Daniels gesê "daar het nie ouens ons gejaag nie, ek het onder hom uitgehardloop want hy het my verkrag." Mev Daniels sou die appellant toe gestuur het om die klaagster se klere te gaan haal. Hy is daar weg en die klaagster het hom daarna nie weer gesien nie. Nadat mev Daniels die klaagster 'n T-hempie gegee het om aan te trek omdat sy net in 'n romp geklee was, is sy na haar tante, mev Martha Plaatjies, wat ook in daardie

omgewing gewoon het. Die volgende dag, Maandag, 13 Junie 1983, het die appellant se ma die klaagster se skoene en sykouse na haar huis gebring maar haar bloes en onderklere het sy nooit weer teruggekry nie. Die klaagster was om een of ander rede nie deur 'n distriksgeneesheer ondersoek nie. Sy was wel die Maandagoggend deur 'n private geneesheer ondersoek maar die besonderhede van sy bevindings is nie in getuienis aan die hof voorgelê nie. Voordat ek van die klaagster se getuienis afstap, wys ek net in die verbygaan daarop dat sy in haar hoofgetuienis geen woord gerep het oor die gebeure by die appellant se huis nie. Dit het eers gedurende haar kruis-

ondervraging aan die lig gekom dat die appellant haar soontoe geneem het voordat hulle na die skoolterrein is.

Ek kom vervolgens by mej Jennifer Coltman se getuienis. Sy het bevestig dat sy en die klaagster die betrokke Sondagaand saam by die Waldorf Restaurant was. Hulle het teen ongeveer 20h00 daar aangekom en 'n hele tyd daar vertoef. Die appellant was ook daar maar hy het nie op enige stadium by hulle aangesluit of in hulle geselskap verkeer nie. Sy en die klaagster was deurentyd saam en as die appellant, soos beweer is, aan die klaagster sou voorgestel het dat hy haar huis toe sou vergesel,

sou/ ......

sou sy beslis daarvan geweet het. Volgens mej Coltman het dit nooit gebeur nie. Sy het ook ontken dat sy, die klaagster, die appellant en ene Ronald Haaker ooit saam, op sosiale vlak, uitgegaan het. Sy het verder bevestig dat sy en die klaagster vanaf die Waldorf Restaurant eers by n verpleegsterstehuis aangegaan het voordat hulle teen ongeveer 21h30 huiswaarts gekeer het. Toe hulle naby die hoek van Newal- en Alkannastraat kom, het sy skielik die appellant vlak agter hulle gewaar. Hy het die klaagster toe om die nek gevat en aan mej Coltman gesê sy moet aanstap. Die klaagster vra haar toe om saam met haar te gaan, maar sy wou

liewer/......

liewer in Alkannastraat afdraai omdat dit 'n korter pad huis toe was. Mej Coltman het, met haar kruisondervraging, te kenne gegee dat sy geensins die indruk gekry het dat die klaagster onwillig of ontevrede was om saam met die appellant te gaan nie. Daar het niks buitengewoon of kommerwekkend gebeur nie en sy het geen rede gehad om te dink dat die klaagster in gevaar verkeer nie. Dit is ook insiggewend dat mej Coltman geen melding daarvan gemaak het nie dat die appellant 'n klip sou opgetel het toe hy haar aangesê het om op haar eie aan te stap.

Die volgende staatsgetuie, mev

Moniera/ ......

Moniera Daniels, het getuig oor die voorval by haar huis in Jamesonweg toe die klaagster teen ongeveer 22h45 die betrokke Sondagaand daar om hulp aangeklop het. Sy was reeds in die bed toe sy skielik ŉ stampery aan die voordeur hoor. Sy het daarheen gegaan en toe sy die voordeur oopsluit, storm ŉ vreemde vrou die huis binne tot in haar slaapkamer. Dit was die klaagster. Sy het gehuil en was klaarblyklik baie ontsteld. Sy het aanhoudend aan mev Daniels gesê "aunty bel net my pa asseblief om my te kom haal, asseblief aunty bel my pa, bel my pa ek wil my pa hê." Hoewel die klaagster haar die telefoonnommer gegee het, kon sy om een of ander

rede/ ......

rede nie na haar huis deurkom nie. Mev Daniels het gesê dat sy so uit die veld geslaan was dat sy moontlik 'n verkeerde nommer geskakel het. Na 'n tweede probeerslag het sy maar haar pogings laat vaar. Toe sy weer kyk, staan daar 'n vreemde man op die drumpel van die voordeur. Dit was die appellant. Op 'n vraag van mev Daniels oor wat hier aan die gang is, antwoord die appellant "... dit was nie nodig vir die meisie om hier in mevrou se huis in te hardloop nie, want ons twee het gevry agter die skool en toe sien sy 'n bondel manne kom aan en toe hardloop sy nou weg...." Volgens mev Daniels het die klaagster nie op hierdie mededeling ge-

reageer nie. Sy het nie by dié geleentheid of in enige ander stadium, aan mev Daniels gesê dat die appellant haar verkrag het nie. Sy het net herhaal "bel my pa om my te kom haal, bel my pa." Die appellant het toe heeltemal spontaan gesê dat hy moet stap want die klaagster se skoene is nog by die skool. Mev Daniels het hom nie opdrag gegee om die klaagster se klere te gaan haal nie. Nadat hy vertrek het, het mev Daniels die klaagster 'n rooi bloes gegee om aan te trek en sy is toe ook daar weg.

Die laaste staatsgetuie was mev Martha Plaatjies, die klaagster se tante. Sy het getuig

dat/ ......

dat die klaagster om ongeveer 22h45 die betrokke Sondagaand by haar huis aangekom het. Sy het net ʼn romp en ʼn T-hempie aangehad, sy was kaalvoet en sy het onbedaarlik gehuil. Volgens dié getuie was die klaagster se lyf vol krapmerke. Hiermee is die opsomming van die getuienis wat namens die Staat aangebied is, afgehandel.

Die strekking van die appellant se getuienis is soos volg. Hy was die betrokke Sondagaand by die Waldorf Restaurant en het die klaagster en haar vriendin, Jennifer Coltman, ook daar gesien. Hulle het gesit en bier drink. Hy het hulle albei baie goed geken. Trouens, hoewel hy nooit ʼn vaste

verhouding/ ......

verhouding met die klaagster gehad het nie, het hy voorheen reeds met haar uitgegaan, intiem met haar verkeer, en selfs by drie of vier geleenthede, by sy huis, met haar gemeenskap gehad. In alle geval, hy het dié aand 'n rukkie by hulle gaan sit en gesels. In 'n stadium toe hy en die klaagster alleen was - Jennifer het vir 'n oomblik òf na die toilet òf die kroeg gegaan - het hy gesê dat hy haar graag later huis toe wou vergesel. Sy het niks daarop gesê nie, en net geglimlag. Die appellant is om ongeveer 22h00 van die restaurant af weg. Toe hy buite kom, gewaar hy die klaagster en Jennifer aan die oorkant van die straat. Hy wou by hulle aansluit en het na die klaagster geroep, maar hy is toe verhinder deur iemand

wat hom iets wou meedeel. Enkele oomblikke later is hy toe tog agter hulle aan, en het hulle naby die hoek van Newal- en Alkannastraat ingehaal. Volgens die appellant het die klaagster en Jennifer nie eers by die verpleegsterstehuis aangegaan nie. Toe hy by die klaagster kom, het hy sy hand om haar nek gesit, en haar gesê om saam met hom te gaan. Sy het dit heeltemal gewilliglik gedoen. Jennifer het in Alkannastraat afgedraai en hy en die klaagster het verder in Newalstraat aangestap. Hy het ontken dat die klaagster vir Jennifer gevra het om liewer saam met haar (die klaagster) te gaan.

Die appellant en die klaagster is toe

na/ ......

na die appellant se ouerhuis by 42 Jamesonweg. Hy het haar na die agterplaas geneem en daar met haar gevry. Hy wou ook met haar gemeenskap hê maar sy was skrikkerig dat die huismense hulle sou sien. Soos die appellant dit gestel het "Toe wil ek met haar 'sex' hê in ons agter 'yard' en toe sê sy nee sy wil nie daar nie 'because' my ma hulle slaap in die agter kamer en die lig het nog gebrand want die mense was nog wakker gewees." Die appellant stel toe voor dat hulle na die kerkterrein gaan maar die klaagster het gemeen dat dit nie 'n geskikte plek is om te vry nie. Hulle loop toe weer met Jamesonweg langs tot by die skoolterrein. Hulle het deur die

draad/ ......

draad geklim en na die toiletgebou gegaan. Een van die toilette was toevallig oop. Die appellant het sy baadjie op die sementvloer neergegooi en die klaagster het op sy voorstel daarop gaan lê. Die appellant het toe vir 'n hele tyd lank met haar gevry maar hy kon nie 'n ereksie kry nie. Hy het naderhand bo-op die klaagster gelê. Sy broek was afgetrek tot by sy knieë. Die klaagster se bolyf was kaal, haar romp was opgetrek, hy het reeds haar damesbroekie heeltemal afgetrek, en sy het ook nie meer haar skoene aangehad nie. Op daardie oomblik hoor hulle skielik mansstemme nader. Dit het geklink asof hulle baie naby was. Volgens die appellant het voetgangers

dikwels/ ......

dikwels die skoolterrein as 'n kortpad van een "rand" na 'n ander gebruik. Toe hulle die stemme hoor, het die appellant vir die klaagster gesê sy moet wag en stil bly, hy gaan net loer wie dit is. Terwyl hy nog besig was om sy broek op te trek, het die klaagster opgespring en weggehardloop. Sy het haar bloes, skoene en onderklere daar gelos. Die appellant het beskryf hoe die klaagster, in die hardloop, geval het, hoe sy haar teen die draad vasgeloop het, en by mev Daniels se huis gaan aanklop het. Die appellant het gesê dat die klaagster heeltemal gewillig was dat hy intiem met haar verkeer. Hy het egter ontken dat hy inderdaad gemeenskap met haar gehad het.

Die/ ......

Die appellant het agter die klaagster aangegaan tot by mev Daniels se huis. Hy het nie ingegaan nie maar by die voordeur met mev Daniels gepraat. Die klaagster het in 'n kamer op 'n kooi gesit en huil. Die appellant vertel toe aan mev Daniels wat gebeur het. Sy getuienis in dié verband is soos volg: "Ek het gesê ek en Evril het gevry daar agter in die skool 'yard'. Ek het net kortliks vir haar gesê ons het gevry agter in die skool 'yard' en daar het ouens op ons afgekom en toe het sy net begin hardloop." Hierna het die appellant heeltemal spontaan gesê dat die klaagster se skoene en haar goed nog op die skoolterrein is, dat hy dit

gaan haal, en dat hy haar huis toe sou neem sodra hy terugkom. Hy is terug na die skoolterrein maar het net die klaagster se skoene en kouse daar gekry. Oor wat onmiddellik hierna gebeur het, het die appellant in sy hoofgetuienis te kenne gegee dat toe hy terugkom by mev Daniels se huis, met die skoene en kouse, hy gevind het dat die klaagster reeds weg is. Met sy kruisondervraging het hy aanvanklik gesê dat mev Daniels hom meegedeel het dat die klaagster reeds huis toe is maar na verdere ondervraging het hy erken dat hy nie weer by mev Daniels se huis aangegaan het nie en dat hy in dié opsig 'n leuen vertel het. Hy het toe verduidelik dat hy vanaf die skoolterrein na

sy/ ......

sy verloofde gegaan het waar hy die nag deurgebring het. Op pad daarheen het hy die skoene en kouse versteek. Hy is die volgende oggend teen ongeveer 06h00, met die kouse en skoene, na sy huis waar hy verneem het dat die polisie reeds daar was op soek na hom. Hy het die skoene en kouse toe aan sy ma gegee en haar versoek om dit na die klaagster te neem.

Die enigste ander getuie namens die verdediging was die appellant se ma, mev Shirley Shaw. Sy het getuig dat sy die betrokke Sondagaand reeds vanaf 18h00 by die huis was. Sy, haar man, hulle dogter en dié se vriend, en twee jonger kinders het die aand na 'n videoband op hulle televisiestel

gekyk. Hulle het eers om ongeveer 23h30 gaan slaap. Volgens mev Shaw het daar dié aand niks buitengewoon by hulle huis gebeur nie en sy het ook niks abnormaal gehoor nie. Sy het ook gesê dat die agterplaas 'n betreklike klein oppervlakte het. Hiermee is die opsomming van die getuienis by die verhoor afgehandel.

Teen hierdie agtergrond kan die kernvraag in hierdie appèl nou ondersoek word, naamlik, of die verhoorhof gefouteer het met sy evaluering van die getuienis. Soos uit die ontleding van die getuienis hierbo blyk, was daar, wat die verkragting self betref, 'n regstreekse botsing tussen die getuienis

van/ ......

van die klaagster en dié van die appellant. Sy het getuig dat hy in die toilet op die skoolterrein met haar gemeenskap gehad het en dat dit teen haar sin geskied het; hy het albei hierdie aantygings ontken. Die landdros het heeltemal tereg as uitgangspunt aanvaar dat die staatsaak ten opsigte van die beweerde verkragting, as sodanig, op die enkele getuienis van die klaagster berus en dat die sogenaamde versigtigheidsreëls by die beoordeling daarvan in ag geneem behoort te word. Derhalwe het die landdros homself gewaarsku om versigtig te wees met sy hantering van die klaagster se getuienis. Maar, dit is uiteraard nie op sigself

voldoende/ ......

voldoende nie. Dit moet ook duidelik blyk dat die hof die getuienis inderdaad met die nodige omsigtigheid benader het. In S v Avon Bottle Store (Pty) Ltd. and Others,1963(2) S A 389 (A) op 393H - 394H, het Botha, AR in verband met die versigtigheidsreël ten opsigte van medepligtiges se getuienis, dit so gestel: "What is necessary is that the judicial officer, who is also the trier of fact, should demonstrate by his treatment of the evidence ... that he has in fact heeded the warning." Na my oordeel het die landdros, ten spyte van die waarskuwing aan homself, nie die klaagster se getuienis met voldoende versigtigheid geëvalueer nie.

Wat die toepassing van die versigtigheidsreël in 'n geval soos die onderhawige betref,

volstaan ek met 'n verwysing na die volgende gewysdes. In S v Artman and Another 1968(3) S A 339 (A) op 341 A - C, het Holmes AR ten opsigte van die getuienis van 'n enkelgetuie gesê:

> "That fact, however, does not require the existence of implicatory corroboration: indeed, in that event she would not be a single witness. What was required was that her testimony should be clear and satisfactory in all material respects; see R v Mokoena, 1956 (3) S.A. 81 (A.D.) at pp. 85-6. The trial Court unanimously found that her evidence passed this test. I would add that, while there is always need for caution in such cases, the ultimate requirement is proof beyond reasonable doubt; and courts must guard against their reasoning tending to become stifled by formalism. In other words, the exercise of caution must not be allowed to displace the exercise of common sense;...."

En in S v Sauls and Others 1981(3) S A 172 (A) op

180 E - G het Diemont AR dit so gestel:

> "There is no rule of thumb test or formula to apply when it comes to a consideration of the credibility of the single witness (see the remarks of Rumpff JA in S v Webber 1971 (3) SA 754 (A) at 758). The trial Judge will weigh his evidence, will consider its merits and demerits and, having done so, will decide whether it is trustworthy and whether, despite the fact that there are shortcomings or defects or contradictions in the testimony, he is satisfied that the truth has been told. The cautionary rule referred to by De Villiers JP in 1932 may be a guide to a right decision but it does not mean
>
> 'that the appeal must succeed if any criticism, however slender, of the witnesses' evidence were well founded'
>
> (per Schreiner JA in R v Nhlapo (AD 10 November 1952) quoted in R v Bellingham 1955 (2) SA 566 (A) at 569). It has been said more than once that the exercise of caution must not be allowed to displace the exercise of common sense."

Die/ ......

Die vraag wat dus in die onderhawige geval ondersoek moet word, is of die klaagster se getuienis in elke materiële opsig wesentlik bevredigend is. En hier moet ek net byvoeg dat die getuienis in dié sin as bevredigend beskou kan word al sou dit vir 'n mate van kritiek vatbaar mag wees.

Daar is nog 'n verdere kompliserende faktor en dit is dat die getuienis van die klaagster (as enkelgetuie) op alle wesentlike punte weerspreek word deur die appellant se weergawe van die gebeure. Hierdie hof het in S v Guess 1976 (4) S A 715 op 718H - 719A met goedkeuring verwys na die volgende passasie in die uitspraak R v Singh 1975 (1) S A 227 (N) waar Leon R

op/ ......

op bl. 228 verduidelik hoe 'n feitekonflik van hierdie aard benader behoort te word:

"Because this is not the first time that one has been faced on appeal with this kind of situation, it would perhaps be wise to repeat once again how a court ought to approach a criminal case on fact where there is a conflict of fact between the evidence of the State witnesses and that of an accused. It is quite impermissible to approach such a case thus: because the court is satisfied as to the reliability and the credibility of the State witnesses that, therefore, the defence witnesses, including the accused must be rejected. The proper approach in a case such as this is for the court to apply its mind not only to the merits and demerits of the State and defence witnesses but also to the probabilities of the case. It is only after so applying its mind that a court would be justified in reaching a conclusion as to whether the guilt of an accused has been established beyond reasonable doubt. The best

indication that a court has applied its mind in the proper manner in the above-mentioned examples is to be found in its reasons for judgment including its reasons for the acceptance and the rejection of the respective witnesses."

Ek kom nou by die verhoorhof se evaluering van die getuienis. Die hof het baie sterk en definitiewe bevindings aangaande die geloofwaardigheid van die klaagster, mej Coltman en die appellant gemaak. Die klaagster het 'n besonder gunstige indruk op die hof gemaak nieteenstaande "enkele swakhede" in haar getuienis wat egter, na die oordeel van die hof, nie haar geloofwaardigheid aangetas het nie. Mej Coltman het die hof eweneens beïndruk as 'n eerlike en geloof-

waardige/ ......

waardige getuie. Daarenteen het die appellant 'n swak indruk op die hof gemaak. Die hof het bevind dat hy homself talle kere weerspreek het, dat sy getuienis deurspek was met onwaarskynlikhede, en dat hy met sy kruisondervraging met tye totaal ontwykend was. Na oorweging van die getuienis, en met inagneming van die waarskynlikhede soos hy dit gesien het, kom die landdros dan tot die volgende slotsom:

> "Die Hof huiwer hoegenaamd vir geen oomblik in die lig van die swak getuienis gelewer deur die beskuldigde, die talle weersprekings in sy weergawe, die hoogsonwaarskynlikhede in sy weergawe met betrekking waarom klaagster sou weghardloop, dat beskuldigde se relaas net nie moontlik redelik waar kan wees wanneer dit opgeweeg word teenoor die sterk en indrukwekkende getuienis gelewer deur die klaagster

soos/......

> soos wesenlik gerugsteun in die omringende omstandighede rondom die verkragting deur Jennifer en haar toestand wat sy in verkeer het toe sy by mev Daniels kom en bevind bygevolg dat die Staat bo redelike twyfel bewys het dat beskuldigde inderdaad opgetree het teenoor die klaagster soos sy getuig het en haar verkrag het."

Ek aanvaar dat die klaagster die verhoorhof gunstig beïndruk het deur die manier waarop sy getuig het. Dit volg egter nie dat haar getuienis dus ook in alle wesentlike opsigte betroubaar is nie. Trouens, ek sal weldra aantoon dat dit inderdaad nie die geval is nie. Die landdros het die appellant se getuienis op 'n hele aantal punte gekritiseer waarvan sommige, na my oordeel, eintlik oor beuselagtighede gegaan het. Ek stem nietemin saam dat die appellant

in sekere opsigte 'n uiters onbevredigende getuie was en dat hy 'n aantal deursigtige leuens vertel het, naamlik: (a) oor sy verhouding in die verlede met die klaagster en met mej Coltman; (b) oor die afspraak wat hy in die restaurant met die klaagster sou gemaak het toe mej Coltman afwesig sou gewees het; (c) oor die vraag of hy feitlik gelyktydig met die klaagster en mej Coltman die restaurant verlaat het; en (d) oor die vraag of hy vir 'n tweede keer by mev Daniels se huis aangegaan het. Aangaande punte (a), (b) en (c) is die appellant se getuienis weerspreek deur beide die klaagster en mej Coltman, en wat punt (d) betref, het hy self erken dat hy nie die waarheid gepraat het

nie/ ......

nie. Maar, oor 'n hele aantal wesentlike aspekte, is dit weer die appellant se getuienis, eerder as die klaagster s'n, wat deur die getuienis van mej Coltman en mev Daniels, asook deur die waarskynlikhede, onderskraag word.

Daar is, eerstens, die insident naby die hoek van Newal- en Alkannastraat. Dit is met die oog op die latere gebeure belangrik om vas te stel of die klaagster reeds by dié geleentheid geforseer is om saam met die appellant te gaan, soos sy getuig het, en of sy gewilliglik saamgegaan het, soos die appellant beweer het. Op hierdie punt steun mej Coltman se getuienis eerder die appellant se relaas van die insident

as/ ......

as die klaagster s'n. Volgens mej Coltman het daar niks gebeur wat haar enigsins verontrus het nie. Sy het hoegenaamd geen rede gehad om te dink dat die appellant die klaagster dwing om saam met hom te gaan en dat sy onwillig was om dit te doen nie. Volgens mej Coltman het die appellant ook nie by dié geleentheid 'n dreigende houding teenoor haar of die appellant ingeneem nie. Die klaagster het selfs erken dat sy nie teenoor mej Coltman om hulp geroep het nie. En dit is ook uiters onwaarskynlik dat mej Coltman haar vriendin in die steek sou gelaat het, of nie onmiddellik hulp sou ontbied het nie, as sy hoegenaamd onder die indruk was dat die klaagster in gevaar

verkeer./ ......

verkeer. Na my oordeel werp mej Coltman se getuienis ernstige bedenkinge op die klaagster se aantyging dat sy gedwing is om saam met die appellant te gaan.

Daar is 'n verdere oorweging wat, na my oordeel, die klaagster se weergawe van die voorval onwaarskynlik maak. As die appellant haar as't ware weggesleep het met die gedagte om selfs teen haar wil met haar gemeenskap te hê, is dit hoogs onwaarskynlik dat hy haar na sy huis sou geneem het. Dit kan aanvaar word dat hy geweet het dat sy huismense tuis is en hy sou seer sekerlik besef het dat dit uiters riskant sou wees om die klaagster in die agterplaas, in die onmiddellike omgewing van die huis, te verkrag.

Die/ ......

Die feit dat hy die klaagster na sy huis toe geneem het dui eerder daarop dat sy gewillig was om saam met hom te gaan. Die klaagster se weergawe van wat in die agterplaas sou gebeur het, klink ook vir my onwerklik, veral in die lig van mev Shaw se getuienis wat nie deur die verhoorhof verwerp is nie. Ek verwys na haar getuienis dat sy en haar gesin die hele Sondagaand by die huis was en dat daar tot haar wete niks ongewoons gebeur het nie. Met die oog hierop vind ek dit moeilik om die klaagster se beskrywing van die insident by die kombuisdeur, en haar stelling dat die appellant haar weggeneem het omdat sy "te veel geraas gemaak en aangegaan" het, te aanvaar.

Na/ ......

Na my oordeel is die appellant se stelling dat die klaagster nie daar gemeenskap wou gehad het nie omdat sy skrikkerig was dat die huismense dit sou agterkom, nie so onwaarskynlik dat dit as onaanvaarbaar verwerp behoort te word nie.

Wat die werklike gebeure in die toiletgebou op die skoolterrein betref, is daar net die klaagster se woord teenoor dié van die appellant. Daar is hoegenaamd geen objektiewe feite waarvan die afleiding gemaak kan word dat die appellant gemeenskap met die klaagster gehad het en dat dit teen haar wil geskied het nie. Die klaagster het te kenne gegee dat die appellant haar ontklee het en

gemeenskap/ ......

gemeenskap met haar gehad het in weerwil van haar verset. Dit is in dié verband insiggewend dat daar geen getuienis is dat die klaagster enige beserings opgedoen het wat tipies van so 'n soort verkragting sou wees nie en dat daar insgelyks geen getuienis is dat die appellant enige krapmerke of soortgelyke letsels opgedoen het wat aan verset deur die klaagster geknoop kan word nie. Dit egter daar gelaat. Die feit dat die klaagster in 'n half naakte toestand daar weggevlug het en by 'n vreemde huis om hulp gaan aanklop het, is op sigself beskou ongetwyfeld 'n sterk faktor in die staatsaak. Dit is immers wat 'n mens sou verwag van 'n vrou wat skielik oorrompel en

verkrag/ ......

verkrag is. Maar in die onderhawige geval het die klaagster op daardie stadium reeds ongeveer twee uur in die appellant se geselskap verkeer. Hulle het gedurende daardie tyd eers met Jamesonweg opgestap en toe weer afgestap. In die omstandighede is dit vir my vreemd, en ook moeilik om te aanvaar, dat dit in die toilet was wat sy vir die eerste keer die geleentheid gekry het om uit die appellant se greep te ontsnap. Na my oordeel kan daar volgens die getuienis ook ŉ ander rede wees waarom die klaagster so skielik weggehardloop het, naamlik, dat hulle mansstemme hoor nader het - soos die appellant getuig het - en dat sy toe paniekbevange geraak het omdat sy bang

was/ ......

was dat die mans vir die appellant en vir haar, in ŉ half naakte toestand, in die toilet sou betrap. Dit is ook betekenisvol dat die appellant agter die klaagster aangegaan het tot hy mev Daniels se huis.

Ek kom vervolgens by die landdros se bevinding dat die klaagster se getuienis gerugsteun word deur mev Daniels "wat die aangeleenthede betref rondom die verkragting." Die landdros meld in dié verband dat mev Daniels bevestig het dat die klaagster in ŉ geskokte en bykans histeriese toestand by haar aangekom het. Maar dit was gemene saak. Dit stem wesentlik ooreen met die appellant se beskrywing van die toestand waarin hy die klaagster by mev Daniels

aangetref/ ......

aangetref het. In elk geval, die toestand waarin die klaagster inderdaad verkeer het, dui daarop dat sy kort vantevore een of ander ontstellende ondervinding gehad het. Dit is sekerlik te rym met haar bewering dat sy verkrag was. Maar, daarenteen, is dit ook nie onversoenbaar met die appellant se verduideliking nie. Dit mag wees dat die feit dat die klaagster, in haar vlug, twee keer hard geval het, teen 'n draad vasgehardloop het, en beserings opgedoen het ook tot haar ontsteltenis bygedra het.

Soos uit die getuienis hierbo blyk, het mev Daniels die klaagster op twee punte weerspreek, naamlik (a) dat die klaagster aan haar sou gesê het

dat sy weggehardloop het omrede die beskuldigde haar verkrag het, en (b) dat mev Daniels die appellant sou aangesê het om die klaagster se klere by die skoolterrein te gaan haal. Die landdros verwys na hierdie teenstrydighede en hy sê dat hy mev Daniels se getuienis in hierdie verband aanvaar. Hy bevind nietemin dat die teenstrydighede nie die klaagster se geloofwaardigheid nadelig raak nie omdat sy waarskynlik vanweë die geskokte toestand waarin sy verkeer het 'n <u>bona fide</u> fout begaan het. Na my oordeel is dit 'n ernstige mistasting. Dit gaan hier eintlik nie oor die vraag of die klaagster haar vergis het oor wat sy en mev Daniels gesê het nie. Dit gaan eerder

oor/ ......

oor die betroubaarheid van die klaagster se getuienis teenoor dié van die appellant. As sy inderdaad verkrag was, sou 'n mens verwag dat sy die appellant se verduideliking oor waarom sy weggehardloop het daar en dan sou betwis het. Die landdros het mev Daniels se getuienis aanvaar dat sy dit nie betwis het nie. Die afleiding wat dus van haar stilswye gemaak kan word, is dat daar 'n sterk waarskynlikheid is dat die appellant se verduideliking waar is en dat die klaagster nie verkrag was soos sy by die verhoor te kenne gegee het nie. Die ander weerspreking het nie veel om die lyf nie. Die klaagster kon maar misgis het oor die vraag of mev Daniels die appellant aangesê het om die klere

te/ ......

te gaan haal en of hy spontaan aangebied het om dit te doen. Wat wel van belang is, is dat mev Daniels die appellant se getuienis op hierdie punt bevestig.

Om saam te vat. Na my oordeel het die verhoorhof die betroubaarheid en die geloofwaardigheid van die klaagster te hoog aangeslaan. Die hof moes bevind het dat haar getuienis nie in alle wesentlike opsigte bevredigend is nie en dat die Staat nie bo alle redelike twyfel bewys het dat die appellant haar verkrag het nie.

Die bevel van die hof is derhalwe soos volg: Die appèl slaag en die skuldigbevinding en vonnis word ter syde gestel.

TRENGOVE, AR

BOTHA, AR )
) Stem saam
NICHOLAS Wnde AR)